Wat's die nuutste in tuisbeligting?

Lana Coetzee

Of jy nou 'n nuwe huis bou of verbouings aan jou bestaande huis aanbring, die soort ligte wat jy kies, is belangriker as wat jy dink.

Volgens Salome Knijnenburg van Salome Interiors stel sy altyd voor dat die beplanning rondom ligte so gou as moontlik gedoen moet word, sodat daar voldoende voorsiening gemaak kan word vir drade en skakelaars.

"Dit is belangrik om die geheelprentjie in ag te neem wanneer ligte gekoop word. Dit moet inpas by die argitektuur van die huis asook by die soort meubels (kleur en styl) wat gebruik gaan word."

Wat nuwe neigings betref, sê Salome dat die meeste mense deesdae graag van LED-ligte gebruik maak as hul begroting dit toelaat. Phillip Wyatt van Inhouse en Kimberley Richmond van Beautiful Spaces Interior Design stem saam dat LED's op die oomblik 'n gonswoord is.

"Daar is meer en meer LED-ligte beskikbaar om van te kies en die gloeilampe het baie vordering getoon die afgelope paar jaar. Die kleurtemperatuur (warm wit of koue wit) het verbeter, asook die lig wat elke gloeilamp uitstuur. Die feit dat LED-ligte 'n langer lewensduur het en kragkostes bespaar, is 'n groot aanwins vir huiseienaars," sê Salome.

Wanneer dit by kleure kom, is warm metale tans baie gewild. Salome noem dat jy baie koperligte en roosgoudligte in die vorm van plafonligte en tafellampe sien.

Mense maak ook baie graag gebruik van sogenaamde industriële ligte, veral in kombuise bo die eiland. "Hulle gaan eerder vir metaal- en staalligte as kristal", sê Salome. Sy vertel dat industriële bedlampies ook gewild is in slaapkamers, asook ligte wat langs die bed uit die plafon hang, in plaas van die tradisionele bedlampies.

"Wat badkamers betref, bly afwaartse ligte steeds gewild." Maria Cowie van Pure Design Interiors, asook Phillip Wyatt en Kimberley Richmond stem saam hiermee.

Volgens Salome is die neiging in eetkamers om meer as een lig te gebruik. "Ligte word in groepe van drie tot vyf (of selfs meer) gegroepeer. Die ligte lyk ook nie noodwendig almal presies dieselfde nie, maar is wel almal lede van dieselfde 'familie'."

Dikwels word so 'n groep ligte ook op verskillende hoogtes gehang. Met warm metale wat nou in is, word koper gebruik om die kleur van ander elemente, soos deurhandvatsels, op te tel.

Kimberley vertel dat mense op die oomblik eerder gebruik maak van kandelaarligte as van lampskerms. Sy noem ook dat daar dikwels 'n groep ligte saam gehang word en dat koper- en houtkandelaarligte baie gewild is.

Waar mense se begroting dit toelaat, is strookligte in plafonboksies ook baie gewild, vertel Salome. Dit sorg vir 'n gesofistikeerde gevoel.

Iets anders wat baie gewild is, is gloeilampe waarvan die filament sigbaar is (hetsy deur 'n glaslampskerm of 'n lampskerm wat toelaat dat die gloeilamp sigbaar is).

"Filamentgloeilampe is 'n groot neiging op die oomblik," sê Salome. "Dit gee 'n sagte en warm lig wat die meeste vertrekke komplementeer. Die soort gloeilampe is op hul eie 'n versiering en moenie agter 'n lampskerm weggesteek word nie. Afhangende van die soort ruimte is 'n groot neiging om slegs die gloeilampe te gebruik aan 'n koord, sonder enige verdere skerms."

Maria noem ook dat dit 'n gewilde neiging is om gebruik te maak van baie eenvoudige beligting met die gloeilamp as fokuspunt. In so 'n geval is die "outydse" filamentgloeilampe in verskillende vorms 'n goeie opsie.

Salome sê mense gebruik tans eerder sagter beligting, dus warm wit lig eerder as koue wit lig wat soms "blou" kan vertoon. "Ek sal sterk aanraai dat huiseienaars beligting in al die vertrekke dieselfde kleur hou sodat die huis as 'n geheel kan vertoon van buite."

Geoutomatiseerde beligting

Salome verduidelik wat geoutomatiseerde beligting is: "Dit is waar die beligting gekoppel is aan 'n sentrale beheerstelsel wat die ligvlakke verander soos benodig. Dit maak dit vir die huiseienaar gerieflik aangesien die stelsel op voorafbepaalde reëls reageer.

Sy beklemtoon dat geoutomatiseerde beligting nie beteken jy kan die ligte met jou selfoon aanskakel nie. Dit gaan oor 'n stelsel wat as't ware voorsien wat jy nodig het, byvoorbeeld dat die ligte op die tyd van die dag wanneer jy by die huis aankom, aangesit moet word.

Dit word gestruktureer rondom "tonele" wat die beligtingsvlakke kan beheer om 'n sekere gevoel te skep of sekere aktiwiteite in ag te neem, byvoorbeeld wanneer jy televisie kyk of gaste onthaal.

Dit sluit situasies in soos die volgende: Op 'n bewolkte dag moet die ligte vroeër in die aand aangaan as op 'n sonskyndag. Of wanneer niemand by die huis is nie, moet die buitelig vir die hond aangaan.

Die maatskappy wat die beligting outomatiseer, sal met die kliënt en die binnenshuise ontwerper vergader om vas te stel watter vereistes die kliënt het, gebaseer op sy leefstyl.

Daarvolgens word dan "reëls" geskryf waarvolgens die stelsel moet funksioneer.

Dit kan byvoorbeeld wees wanneer die motorhuis se deur moet oop- en toegaan, asook wanneer die motorhuis se lig moet aan- en afgaan. Kliënte hoef dus nie te sukkel om ligte aan en af te skakel met pakkies in hul hande nie en ook nie te onthou om die lig te gaan afsit nie.

"Ek dink baie mense het die idee dat outomatisering net gaan oor ligte wat op 'n sekere tyd aan- en afskakel, maar dit is in werklikheid soveel meer en indien dit reg opgestel word, kan dit regtig jou lewe verander.

"Dit kan ook gebruik word vir mense wat doof is (soos dat die ligte drie keer moet flits as die deurklokkie lui), of so geprogrammeer word dat 'n buitesensor 'n beweging optel sodat die buiteligte kan aangaan."

Volgens Kimberley is dit meestal diegene met 'n hoër inkomste wat hiervan gebruik maak omdat dit baie duur is. Salome sê ook die persepsie bestaan dat dit meestal net vir "ryker" mense is, maar voeg by: "Ek glo soos wat mense meer daaraan gewoond gaan raak, sal dit ook meer bekostigbaar word en dan gaan dit dalk wees soos met selfone, waar 'n mens nie kan glo dat jy ooit daarsonder klaargekom het nie."

In hierdie kombuis word die neiging van industriële metaalligte gevolg.

Foto's: SALOME KNIJNENBURG

In die slaapkamer maak mense dikwels eerder gebruik van ligte wat langs die bed uit die plafon hang.

'n Eetkamertafel met 'n groep ligte wat op verskillende hoogtes hang.